

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 28: Metzora (מצרע) – Die Melaatse

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: Dit is die wet vir die melaatse op die dag van sy reiniging.... Lev. 14:1 en 2 – PWL¹.

Torah: Lev. 14:1 tot 15:33

Haftorah: 2 Kon. 7:3 tot 20

Nuwe Verbond: Matt. 8:2 tot 4; Matt. 9:20 tot 26; Matt. 11:2 tot 6; Mark. 5:24 tot 34; Luk. 8:42 tot 48; Hebr. 13:4.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 28 wat afgelaai kan word by: [Parashah28Notas14](#) of by [Parashah28Notas15](#).

(YHVH)-God is not a vending machine where you put in a coin and get something out. God is God – He is Mighty, Indescribable, Awesome and Sovereign. He is to be reverentially feared.

We are serving Him, He is not serving us. This is not about what God can do for us; it's about what we can do for Him. You see, it's not what you're going to get out of God – it's what He is going to get out of you. Let's be done once and for all with this life enhancement Christianity that makes God a means instead of the glorious end that He is. Let's do away with selfish motives for healing because we just want to enjoy a happy life of prosperity for selfish gain. I'm going to say to you dear friend that your motive must be right – you must serve Him and love Him as long as you live simply because He is worthy... Healing, wealth and all those other things will just be a by-product of loving God and not the prime product.

(M.K. Strydom – Healing Begins With Sanctification of the Heart).

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Torah Bespreking

Genesing En Reiniging Van Die Melaatse

Met die bestudering van die vorige parashah (*Tazria*), en van hierdie parashah (*Metzora*), moet ons die betekenis van melaatsheid (*tsara'at*) volgens Torah verstaan. Melaatsheid in Skriftuurlike verband is veral 'n sinnebeeld van 'n oertipe van alle siekte toestande. Dit simboliseer ook die sonde-toestand van progressiewe aftakeling (verrotting) en uiteindelik die dood wat sy oorsprong het in die sondeval van die mens. Melaatsheid in Skriftuurlike verband is 'n grafiese voorstelling van die vernietigende krag van sonde en die gevolge van sonde!

Daarom is siekte en dood 'n voortdurende herinnering aan hoe dinge verander het sedert die sondeval van die mens in die Tuin van Eden. Toe YHVH Sy skepping voltooi het, het Hy gesê: *Dit was uitermate goed!!*

God het alles gesien wat Hy gemaak het en let op, dit was uitermate goed. Dit was aand en dit was oggend, die sesde dag. Gen. 1:31 – PWL

Deel van hierdie volmaaktheid (uitermate goed) was dat die mens nie siekte en dood geken het nie. Daarom is YHVH se volmaakte wil nie om ons te genees nie! Nee, Sy volmaakte wil is dat ons nie siek moet word nie, maar daaglik in Goddelike gesondheid moet wandel! Hoewel ons verlang en strewe om terug te keer na hierdie volmaaktheid is die werklikheid dat ons vasgevang is in 'n vervalde wêreld waar siekte en dood alledaags is. Net so is dit ook 'n feit dat die meerderheid van die mensdom weens sonde geestelike melaats is en gevolglik onrein is en dus nie in YHVH se teenwoordigheid mag staan nie.

Melaatsheid soos in Torah beskryf word, moet daarom wel fisies, maar veral geestelik gesien word, naamlik 'n toestand van onreinheid wat ontstaan weens sonde! Yeshua het in die Karakter en Outoriteit van YHVH gekom om fisies en geestelik te genees!

In Matt. 8:1 tot 4 lees ons van Yeshua wat 'n melaatse genees.

Toe Hy van die berg afkom, het 'n groot skare mense Hom gevolg en let op, 'n sekere melaatse man het gekom en voor Hom neergeval en gesê: "My Meester, as U wil, is U in staat om my te reinig." Yeshua het Sy hand uitgesteek, aan hom geraak en gesê: "Ek wil, wees rein." In daardie oomblik is sy melaatsheid gereinig. Yeshua sê vir hom: "Wees versigtig wat jy aan iemand sê, maar gaan wys jouself aan die priester en offer die offer wat Moshe beveel het, tot 'n getuienis vir hulle."

Hierdie is die eerste melaatse wat Yeshua genees het en dit opsigself het 'n baie belangrike betekenis, want in die dae van Israel van ouds was melaatsheid gesien as 'n sigbare manifestasie van YHVH se misnoeë met 'n persoon. Die feit dat Yeshua die melaatse fisies aangeraak het en hy onmiddelik genees was, was 'n getuienis van die feit dat Yeshua die Messias is.

Op grond van Ex. 4:6 en 7 het die Jode geglo dat die vermoë om melaatsheid en alle siektes te genees een van die tekens sal wees wat die Messias sal doen.

יהוה het verder vir hom gesê: "Steek nou jou hand in jou boesem." Hy het sy hand in sy boesem gesteek en toe hy dit uittrek, was sy hand melaats, soos sneeu! Hy sê: "Steek jou hand weer in jou boesem." Hy het sy hand weer in sy boesem gesteek en toe hy dit uit sy boesem uittrek, was dit weer soos sy ander vlees!

Daarom lees ons in Matt. 11:2 tot 6 die volgende:

Toe Yoganan in die gevangenis gehoor het van die daade van Die Gesalfde Een, het hy deur middel van sy studentevolgelinge gestuur en vir Hom gevra: "Is U Hy wat kom, of moet ons 'n ander verwag?" Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Gaan vertel aan Yoganan daardie dinge wat julle hoor en sien: die blindes sien, die kreupeles loop, die melaatses word rein, die dowes hoor, die dooies staan op, die armes hoor die goeie boodskap en geseënd is elkeen wat nie deur My sal struikel nie."

Hierdie is bevestiging wat deur Jesaja aangaande Yeshua geprofeteer was:

Dan sal die oë van die blindes oopgemaak en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die verlamde spring soos 'n bok en die tong van die stomme sal skree van vreugde, want waters sal uitbreek in die wildernis en strome in die woestyn. Jes. 35:5 en 6

Die Gees van יהוה-God is op My omdat יהוה My gesalf het om goeie nuus te bring aan die geteisterdes; Hy het My gestuur om die gebrokenes van verstand, wil en emosie op te bind, om vryheid vir die weggevoerdes te verklaar en loslating vir gevangenes; om die jaar van guns van יהוה aan te kondig en die dag van die wraak van ons God; om almal wat treur te troos, om aan die wat treur in Tziyon te voorsien; vir hulle 'n sierkrans te gee in die plek van as, vreugde-olie in plaas van rou, die mantel van lofprijsing in plaas van 'n verslae gees. Hulle sal eikebome van onpartydige opregtheid, deur יהוה geplant, genoem word sodat Hy geloof, geëer en aanbid kan word. Jes. 61:1 tot 3.

Fisiese genesing was 'n baie belangrike deel van Yeshua se bediening en in die Skrifte van die nuwe verbond is daar talle van Yeshua se genesingswonderwerke opgeteken.

Yeshua het oor die hele Galil gegaan en in hulle byeenkomste geleer, die goeie boodskap van die Koninkryk verkondig en mense van elke siekte en kwaal genees. Woord aangaande Hom is versprei oor die hele Sirië en hulle het almal wat siek was na Hom toe gebring, hulle wat siek geword het van allerhande siektes en gekwel was deur ernstige pyne, hulle wat vasgevang was in die mag van demone, mense wat van hulle koppe afgegaan het en verlamdes en Hy het hulle gesond gemaak. Matt. 4:23 en 24

Yeshua het alle soorte siektes genees van die wat na Hom toe gekom het om gesond gemaak te word. En tog het die meerderheid van Israel se geestelike leiers, asook die meerderheid van die bevolking nie Yeshua herken as die Messias wat gekom het nie! Daarom is die volgende uit die pen van 'n onbekende outeur waar ten opsigte van Israel:

They were looking for a Lion, He came as a Lamb, and they missed Him.

They were looking for a Warrior, He came as a Peacemaker, and they missed Him.

They were looking for a King, He came as a Servant, and they missed Him.

They were looking for Liberation from Rome, He submitted to the roman pole, and they missed Him.

They were looking for a fit to their mould, He was the Mould Maker, and they missed Him.

En nou, sowat twee duisend jaar later, is hierdie steeds van toepassing op die meerderheid Jode en hulle geestelike leiers, naamlik Rabbynse Judaïsme!

יהוה - **Rafah (Rofeka) - YAHUAH Geneesheer**

In Ex. 15:26 lees ons:want Ek, יהוה, is die Een wat jou gesond maak. As liefdevolle Vader is YHVH ook ons Geneesheer wat gees, siel en liggaam genees en daarom is deel van Sy Torah die onderrig om daaglik Goddelike gesondheid te ondervind.

Gerrie Coetzee skryf in sy boek: 'God van die Verbond'² ondermeer die volgende:

Genesing is 'n volledige onderwerp op sy eie, maar ons gaan net so paar gedagtes uit die Woord met jou deel. Ek het gevind dat genesing 'n individuele karakter het waar, elke keer, wanneer 'n mens dink jy verstaan dit, iets anders gebeur. יהוה het riglyne en standaarde in die Skrif, maar ons ken nie die diepte van die persoon se wese, verstand, wil en motiewe nie en as die Vader nie vir ons 'n woord van wysheid gee nie, kan ons nie altyd verstaan hoekom mense nie gesond word nie. Dit is 'n belangrike aspek om te onthou: יהוה wil Sy kinders gesond maak! Dit is die ander kant van die gesprek.

יהוה het lank terug vir my die volgende gewys: kinders van יהוה is nie siek mense wat gesond gemaak moet word nie, maar gesonde mense wat hul gesondheid moet aanvaar, wat Hy reeds vir ons verwerf het deur Sy liggaam aan die kruis **1 Kefa 2:24**. "Deur Sy wonde is julle gesond gemaak," **Yes 53:5**. Dit verwys spesifiek na fisiese genesing. Let op die tyd – 'is ...gemaak' – dit is afgehandel. Ons het reeds ons genesing in Die Gesalfde Een ontvang.

Ek kan dit nie genoeg beklemtoon nie. **Dit is die sleutel tot Goddelike gesondheid. Let op!** Nie net Goddelike genesing nie, maar ook Goddelike gesondheid. Dink asseblief eers daarvoor na.

Kyk na die volgende Skrifgedeeltes. **Num 23:19** – "Die Magtige God is nie 'n man dat Hy sou lieg nie, of 'n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie?" יהוה **en Sy Woord is altyd waar**. Jy moet hierdie begrip vir jouself vasmaak, vertrou en daarin leef.

Spr 17:22 "n Vreugdevolle binneste maak die liggaam gesond, maar 'n gebroke gees droog die gebeente uit." Die eerste beginsel is dat in vreugde יהוה kragtig is en ook kan genees.

Neg 8:10 – dit is egter vreugde wat uit Sy Teenwoordigheid vloei, wat kom as ek gehoorsaam, afgesonderd tot Hom leef. Sy Shekinag Teenwoordigheid genees en het niks te doen met my omstandighede nie.

Ten opsigte van redes vir siektes en gebreke en genesing skryf Gerrie die volgende:

Luk 13:16 "Hierdie is egter 'n dogter van Avraham, wat die duiwel, let op, agttien jaar lank gebind het...." Bose geeste en demone kan siektes veroorsaak. Daar is 'n demoon met die naam van elke siekte moontlik. **Die volgende is egter baie belangrik:** alle

² Hierdie boek kan gratis afgelaai word by <http://www.padwlewe.ch/downloads/God%20vd%20verbond.pdf>.
Ons wil almal aanbeveel om hierdie boek te lees.

siektes het sy oorsprong met die sondeval en alle siektes is as gevolg daarvan en nie noodwendig die spesifieke werk van 'n demoon nie. Dit kan wees, maar is nie altyd nie. Soms is dit 'n demoon, soms omdat ek verkeerd geëet het. Die genesing van siektes kan ook verhinder word deur my eie sonde, onvergewensgesindheid en ongehoorsaamheid.

Genesing:

Yog 10:10 "Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig nie. Ek het gekom, dat hulle lewe kan hê en watter oorvloed daar ook al vir hulle is." Yeshua het gekom sodat ons 'n oorvloedige lewe kan hê, sonder siektes wat ons verhinder om in vreugde en vrede te leef. Dit is יהוה se plan dat mense gesond sal lewe – "Goddelike gesondheid" – en as Sy kinders siek is, hulle gesond gemaak sal word.

Van die mees belangrikste voorvereistes vir genesing is gehoorsaamheid aan YHVH en belydenis van sonde om vergifnis te ontvang.

"As julle getrou na die stem van יהוה, julle God, luister en doen wat reg is in Sy oë, luister na Sy opdragte en al Sy wette hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op die land van Mitzrayim gelê het nie, want Ek, יהוה, is die Een wat jou gesond maak." Ex. 15:26

Julle moet יהוה, julle God, dien en Ek sal jou brood en jou water seën en Ek sal siektes van tussen jou uit verwyder. Niemand in jou land sal 'n miskraam hê of onvrugbaar wees nie. Ek sal die getal van jou dae vervul. Ex. 23:25 en 26.

Daar kan ook 'n verband wees tussen sonde en siekte soos bevestig word deur die genesing van die siek man in Betesda. Nadat Yeshua die man genees het, lees ons in Joh. 5:14 die volgende:

Na 'n tyd het Yeshua hom in die tempel gekry en vir hom gesê: "Let op, jy is gesond; moenie aanhou sondig nie sodat daar nie iets ergers as tevore met jou gebeur nie."

Dit is uiters belangrik om te onthou dat YHVH is die Oppergesag en die Almagtige Wetgewer (Jak. 4:12)! Hy het die natuurwette en die geestelike wette vasgestel en diegene wat hierdie wette oortree sal die gevolge dra! Daarom moet ons verstaan dat YHVH sekere beginsels (natuur- en geestelike wette) vir ons gegee het waarvolgens ons moet lewe sodat ons nie siek sal word nie. Dit is daarom uiters belangrik om te verstaan dat die oorsaak van siekte kan fisies of geestelik wees of 'n kombinasie van die twee.

Dit is 'n mediese en wetenskaplike feit dat jou gedagtes, en dit wat jy oor 'n lang tydperk bedink (mediteer), biologiese (fisiologiese) manifestasies kan veroorsaak in die vorm van siekte in jou liggaam. Die wyse Salomo bevestig dit in Spr. 13:2 en 3: Uiteraard is daar ook ander oorsake van siekte.

*'n Goeie man sal tevrede wees met die vrug van sy mond, maar die lewens van die bose sal tot niet gaan. **Hy wat sy mond bewaak, bewaar sy lewe; hy wat te veel praat sal verwoesting op homself bring.***

Daarom is negatiewe emosies soos onvergifnis (Mat 6:12 & 18:21 en 22, 32 tot 35; Mar 11:25 en 26), bitterheid en haat (Efe 4:26-27) dikwels die oorsaak van siekte, want 'n persoon met hierdie negatiewe emosies bedink dit voortdurend. Statisties gevind dat sowat 87% van alle siektes kan terugvoer word na wat bedink word – waarvan die hart vol is!

Dit is ook ontnugterend om te weet dat ons sondes nie net onself benadeel nie, maar ook die van ons kinders. Die rede is omdat ons gedagtes nie net op ons liggame 'n uitwerking het nie,

maar ook op ons gene³. Anti-torah gedagtes en dade, soos byvoorbeeld sonde, bitterheid, onvergiftig, afbrekende selfbeeld, skuldgevoelens, ens. kan 'n defek in 'n geen, of in 'n groep van gene, veroorsaak wat deur jou kinders ge-erf kan word. Sonde is meer as 'n geïsoleerde insedent, maar kan weerklank vind in die nageslagte. Daarom word 'n sekere siektetoestand in geslagte herhaal, asook sekere geestelike bindinge (vloeke) wat van geslag tot geslag oorgedra word. Die volgende dien as bevestiging:

➤ Ex. 20:5 – sê YHVH:

want Ek, יהוה, jou God, is 'n jaloerse Magtige God wat die oortredinge van die vaders besoek aan die seuns, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat

Wie is die haters van YHVH? Dit is diegene wat nie YHVH se Woord (Torah) bewaar nie (Joh. 14:21 en 23 en 1 Joh. 2:3 tot 5)! Maar YHVH bewys barmhartigheid aan duisende, naamlik aan die nageslag, van die wat Hom liefhet (Ex. 20:6).

➤ In Abraham en sy nageslag was daar 'n leuengees wat tot in die vierde geslag oorgedra was. Uit vrees het Abraham by twee geleenthede gejok oor die feit dat Sarah sy vrou was (Gen. 12:12 en 13, asook Gen. 20:2). Isak het dieselfde leuen vertel (Gen. 26:7 tot 9). Rebekka en Jakob het vir Isak gejok en sodoende het Isak die seën wat vir Easau bestem was ontvang. Die seuns van Jakob het vir hom gejok aangaande Josef.

In verlede jaar se notas het ek ook die volgende geskryf, maar weens die belangrikheid daarvan herhaal ek dit weer: Voorheen was wetenskapliks van mening dat 'n mens na geboorte niks aan sy genetiese samestelling kan verander nie. Die nuutste navorsingsveld, bekend as epigenetika, het egter bevind dat sekere gedagtes wat oor 'n langtermyn gekoester word, wel die mens se gene kan beïnvloed en verander. Hierdie navorsing het ook bewys dat dat traumatiese gebeure in 'n kind se lewe ook sekere 'letsels' op hulle gene laat. Ons gene kan 'aangeskakel' of 'afgekakel' word deur die gedagtes wat voortdurend bepeins word of deur traumatiese ondervinding en kan dus bydra tot ons algemene fisiese en geestelike gesondheid, asook die van ons nageslag!

Opsomming: Melaatsheid, soos in Torah gedefinieer, se hooforsaak was die oortreding van YHVH se geestelike wette, veral kwaadspraak (*l'shon hara* – sonde van die tong). Yeshua het gekom om ons fisies en geestelik te genees. YHVH Yeshua is YHVH-Rapha, ons Geneesheer!

L'shon hara is die Hebreeus vir negatiewe woorde, spesifiek van kwaadspraak en skinder. Om die tong te beheer is die moeilikste deel van Torah om aan gehoorsaam te wees en dus die maklikste om te oortree!

Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge – kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtigheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek. Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif. Jak. 3:5, 6 en 8

³ Die mens (en elke sel van die mens) het 23 pare chromosome. Op elke chromosome is daar duisende gene en elke geen is saamgestel uit DNA. Die gene is die fisiese en funksionele eenhede van oorerflikheid. Dit is die draers van oorerwingseienskappe. Elke persoon het twee kopieë van dieselfde geen – een afkomstig van elke ouer. Elke geen bevat 'n instruksie om 'n spesifieke deel van jou liggaam te vorm.

Ons almal het ‘genesing van die tong’ nodig!! Ons sal almal rekenskap moet gee van elke ydele (nuttelose, negatiewe) woord (Matt. 12:36). Onthou: Lewe en dood is in die tong (Spr. 13:3). Onthou: Woorde het skeppingskrag!

As iemand dink dat hy God dien en nie sy tong in toom hou nie,⁷ mislei hy sy eie denke, wil en emosie en die diens van hierdie man is leeg en doelloos. Jak. 1:26

Bepeins of Bespreek

1. Statisties ‘n feit dat minder as 5% van mense wat gaan vir gebed vir genesing word genees! Iewers misluk die kerk!! Statisties is daar ook geen verskil tussen Christene en nie-Christene ten opsigte van die voorkoms van siektes nie. Statisties ook geen verskil in alkohol misbruik, verslawing, egskeding en seksuele immoraliteit tussen Christene en nie-Christene! Is Jes. 5:13 en 14 en Hos. 4:6 die rede hiervoor?
2. Wat sê die nuwe verbond moet die sieke doen? Jak. 5:14. Die beloftes vir genesing – Ps. 103:3; Jes. 53:5 en Matt. 8:17. Hoekom word alle gelowiges dan nie genees nie? Hoekom word minder as 5% genees ten spyte van groot en bekende sogenaamde *faith movements* en ten spyte van bekende geestelike leiers met hulle genesingsbedieninge? Is deel van die antwoord in Jes. 29:13. Hierdie teksvers verwys na mensgemaakte godsdiens sonder begrip van die Vaderhart en sonder eerbiedige ontsag vir YHVH. Lees Matt. 6:33 en Spr. 9:10 en 11 in die verband!
3. Na aanleiding van Jak. 3:5, 6 en 8 kan ons wel vra: Wat is die moeilikste van al die gebooie om te onderhou, of anders gestel: Wat is die maklikste van al die gebooie om te oortree? En ja, onthou jy kan skuldig wees aan kwaadspraak van jouself ook! Gaan die gevolge dieselfde wees as om kwaad te praat van iemand anders?

Reaksie op notas van Parashah 27 (Tazria)

In verlede week se notas van Parashah 27 ([Parashah27Notas16](#)) het ek geskryf oor die verskil tussen die Torah van Moses en die Torah van Yeshua en die feit dat ons die Torah van Yeshua moet volg. Veral een reaksie was volgens my mening profeties van aard, want die persoon het die volgende gesê: *Jou stelling/teologie van 2 Torahs (1 van Yeshua en 1 van Moses) is deurslaggewend en gaan ongetwyfeld ‘n vurk in die pad vir elke lid van die huis van Israel word soos gestel in Daniel 12:10 en Matt 10:34 tot 42.*

Ek waarsku nou al ‘n geruime tyd teen die gevare van Rabbynse Judaïsme, en gevolglik is dit geen verrassing dat ek ondermeer deur sommige leiers in die Messiaanse Beweging veroordeel word nie! Hierdie is veral komend van groeperinge binne die Messiaanse Beweging wat voorstanders is, en hulle beywer, vir eenwording tussen die die huis van Juda en die huis van Efraim, **maar sonder dat Yeshua deel is van die eenwording!! Daar is talle getuienis van Rabbynse Judaïsme se verdraagsaamheid teenoor diegene wat meer wil leer van hulle Hebreeuse wortels, maar net solank as wat hulle Yeshua uit die prentjie haal.** Derhalwe is my vraag: Is hierdie eenwording die werk van mense of die werk van YHVH-God?

Vir diegene wat die Skrifte van die nuwe verbond as die waarheid aanvaar, behoort dit duidelik te wees dat hierdie die werk van mense is, want die hart van die Vader is Yeshua! Sonder Yeshua; geen eenwording nie! Hoe kan daar eenwording met die huis van Juda wees terwyl hulle steeds Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias verwerp?

Die vraag wat ons elkeen dus behoort te vra is die volgende: Watter gees heers in Rabbynse Judaïsme? Die Skrifte van die nuwe verbond gee vir ons die antwoord:

Hieraan word die Gees van God geken: elke gees wat erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het, is vanuit God en elke gees wat nie erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie, is nie vanuit God nie, maar dit is die gees van die vals gesalfde, waarvan julle gehoor het dat hy kom en van nou af in die wêreld is. 1 Joh. 4:2 en 3.

Deur die leringe van Rabbynse Judaïsme aan te hang word gelowiges wat uit die Christendom kom se fokus van die hart van die Vader afgehaal. En die Vader se hart is Sy Seun!! So baie in die Messiaanse Beweging het hulle eerste liefde verrai vir Rabbynse Judaïsme met so 'n 'knippie' van Yeshua by! Dit is die gevaar!!

In die lig van my eie ondervinding en in die lig van dit wat in Israel gebeur, asook in die Messiaanse Beweging, is ek oortuig dat die tyd aangebreek het waar elkeen sal moet kies, naamlik: Volg jy die Torah van Moses, naamlik Rabbynse Judaïsme, of volg jy die Torah van Yeshua?

Die vrae wat elkeen ook sal moet antwoord is:

- Wie is Israel?
- Wie is Jood (die huis van Juda – fisiese afstammeling van Abraham) en wie is die 'verlore stamme'?
- Is die huidige staat Israel die werk van YHVH of die werk van mense?
- Is die beplande derde tempel die werk van YHVH of die werk van mense?

Elk van bogenoemde is 'n studie op sy eie, maar hierdie keuses en kennis kan bepalend wees of jy en ek mislei is en of jy en ek mislei gaan word! Dit kan bepalend wees om uiteindelik die Antimessias te kan onderskei van die ware Messias!

Laat ons elkeen one eie heil met vrees en bewing in die teenwoordigheid van die Almagtige uitwerk (Fil. 2:12).

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.